Skool vir Kommunikasie: Nagraadse Studie

Hoe werk die aansoekproses?

SEPTEMBER

- Doen formeel aansoek om toelating teen die einde van **September** in die jaar **VOORDAT** jy beplan om te registreer. Versoek 'n formele aansoek van die Administrasiekantoor of doen aanlyn aansoek.
  - Openingsdatum: 1 Sept van elke akademiese jaar. Sluitingsdatum: 30 Sept van elke akademiese jaar.
- Sluit die volgende in by jou aansoek:
  - Akademiese rekord.
  - Curriculum Vitae.
  - Kort samevatting van jou voorgesstelde studie (sien templaat vir enkel bladsy).
  - 'n Brief waarin jy motiveer waarom jy vir die MA of PhD-studie wil inskryf.
  - Opsioneel: Voorbeelde van akademiese publikasies soos byvoorbeeld 'n artikel in 'n vaktydskrif gepubliseer.

OKTOBER

NOVEMBER

- In **November** sal "papiersifting" plaasvind. Indien jou aansoek suksesvol is, sal jy voorwaardelike toelating gegun word en 'n mentor sal aan jou toegeken word.
- 'n Mentor is nog nie die aangestelde supervisor/studieleier nie, aangesien jy nog nie geregistreer het nie – die mentor word slegs aangestel om duidelikheid aangaande jou onderwerp van belang te voorsien.

DESEMBER

JANUARIE

- Begin lees ter voorbereiding vir die Januarie-werkswinkel vir die volgende jaar. Die werkswinkel fokus op dít wat jy van nagraadse studie en die skryf van jou navorsingsvoorlegging kan verwag. Jou mentor sal jou in die proses lei.

FEBRUARIE

MAART

- Jy moet dan jou navorsingsvoorstel suksesvol gedurende die Maart kollokwium van die volgende jaar aan 'n uitgekose paneel voorlê om finaal tot die program toegelaat te word.
- Sodra jou navorsigsvoorlegging goedgekeur is
  - Sal jou studieleier bevestig word
  - Jy sal dan toegelaat word om voor of op 31 Maart te registreer.
- Jy kan dan begin om jou voorlegging te finaliseer.

Let wel: Jou navorsingsvoorlegging (titelregistrasie), moet binne ses maande van registrasie voltooi wees.